ACDP betoog teen goedkoop drank

'n HANDJIE vol betogers het gister voor die Bloemfonteinse klub Red's beswaar gemaak oor drank wat op Woensdae teen 1c per sopie verkoop word.

Me. Martha Dean, woordvoerder van die ACDP in die Vrystaat, sê klubs soos dié se deure moet gesluit word. "Ons wil 'n skoon, Godvresende stad hê."Sy het kerkmense, ouers, jong mense en politici gevra om dié saak te ondersteun. Luidens 'n verklaring sal elke Woensdag betoog word totdat goedkoop drank nie meer verkoop word nie.

Dean het aan mnr. Gaby Lupacchini, mede-eienaar van Red's, foto's gewys van 'n slagoffer van dronkbestuur. Sy het aan hom gesê drank kan nie met Jesus versoen word nie.

Lupacchini het gesê sopies word teen 1c verkoop om mense na Red's toe te lok. Drank is nie werklik verniet nie, aangesien mense 'n toegangsfooi van R30 betaal.

Hy verkies om in 'n later stadium kommentaar te lewer. -- Liesl Pretorius

Foto :s/w :

ME. MARTHA DEAN EN MNR. GABY LUPACCHINI

ACDP betoog teen goedkoop drank

'n HANDJIE vol betogers het gister voor die Bloemfonteinse klub Red's beswaar gemaak oor drank wat op Woensdae teen 1c per sopie verkoop word.

Me. Martha Dean, woordvoerder van die ACDP in die Vrystaat, sê klubs soos dié se deure moet gesluit word. "Ons wil 'n skoon, Godvresende stad hê."Sy het kerkmense, ouers, jong mense en politici gevra om dié saak te ondersteun. Luidens 'n verklaring sal elke Woensdag betoog word totdat goedkoop drank nie meer verkoop word nie.

Dean het aan mnr. Gaby Lupacchini, mede-eienaar van Red's, foto's gewys van 'n slagoffer van dronkbestuur. Sy het aan hom gesê drank kan nie met Jesus versoen word nie.

Lupacchini het gesê sopies word teen 1c verkoop om mense na Red's toe te lok. Drank is nie werklik verniet nie, aangesien mense 'n toegangsfooi van R30 betaal.

Hy verkies om in 'n later stadium kommentaar te lewer. -- Liesl Pretorius

Foto :s/w :

ME. MARTHA DEAN EN MNR. GABY LUPACCHINI